AFRFA

ISEBE LEMFUNDO LEMPUMA KOLONI
EASTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT
OOS-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

IIMVIWO ZEBANGA LOKUGQIBELA
NATIONAL SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN

NOVEMBER 2008

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE – TWEEDE VRAESTEL

IXESHA: 2 iiyure	**TIME: 2 hours**	**TYD: 2 uur**
AMANQAKU: 70	**MARKS: 70**	**PUNTE: 70**

Skryf op die buiteblad van jou antwoordeboek teenoor die woord "Vak" -
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – TWEEDE VRAESTEL

Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.

INSTRUKSIES

1. Doen slegs die voorgeskrewe werk wat deur jou skool behandel is.

2. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord (35 punte elk).

3. Beantwoord slegs EEN VRAAG uit elke afdeling.

4. Laat ’n reël oop na elke onderafdeling van ’n vraag.

5. Begin die antwoord van elke vraag bo-aan ’n nuwe bladsy.

6. Lees die gegewe uittreksel by elke vraag noukeurig deur en beantwoord dan die vrae.

7. Skryf die vraagnommer in die middel van jou bladsy neer en begin jou antwoord teen die kantlyn van die volgende reël.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Beantwoord **EEN** vraag uit **AFDELING A** en
EEN vraag uit **AFDELING B**

AFDELING A: POËSIE:

SKAKERING/SENIOR VERSEBOEK	VRAAG 1	Bladsy 4 – 9
	VRAAG 2	Bladsy 9 – 14

EN

AFDELING B: KORTVERHALE:

KINDERS VAN DIE AARDE	VRAAG 3	Bladsy 14 – 19
	VRAAG 4	Bladsy 19

OF

SPEKTRUM	VRAAG 5	Bladsy 20 – 23
	VRAAG 6	Bladsy 24

AFDELING A: POËSIE

SKAKERING/SENIOR VERSEBOEK – D J OPPERMAN

VRAAG 1

1.1

Eensaamheid – Jan F E Celliers

1 My vuurtjie en ek is op wag –
my vuurtjie en ek alleen;
die awend-ster
wink al van ver,
en die velde slaap omheen.

2 En stadigies sterwe die dag,
soos een in sy armoed verlaat,
ongesien, ongeag,
sonder suggie of lag,
waar niemand van weet of van praat.

3 Nou bly die lug alom
in stil aanbidding staan –
geen tampende bel
wat die ure tel:
net die sterre wat kom en gaan.

4 Die osse, met koppe gebuie,
herkoue nog stil in die nag,
tot één vir één buk
en gaan lê by sy juk,
met ’n sug, ná die trek van die dag.

5 My vuurtjie is al wat nog leef
in die eindeloos ruim met my,
en sy stemmetjie dwaal
soos ’n deuntjie wat draal
om dae lank verby,

6 om jonkheids blye môre
en laggies lank verlewe.
Dan voel ek ’n traan
in my oë staan
en ek fluister: “Heer, vergewe!”

7 Die slapende velde lê wyd,
en wyer die donker see,
wat my vuurtjie en my
vanawend skei
van die wêreld se vreug en wee;

8 ek weet daar's fees vanaand
in menig verligte saal,
maar geeneen wat my mis
by die dans en die dis –
'n balling vergeet en verdwaal

9 Maar al is ek, ver van die skaar,
in eensaamheids woning getrede,
ek voel my soos een
met die Heer alleen –
'n kind aan Sy boesem tevrede.

1.1 Skryf by 1.1.1 – 1.1.5 slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer, bv. 1.1.1 C

1.1.1 "en die velde slaap omheen" (strofe 1) is 'n voorbeeld van …

A eufemisme.
B metafoor.
C vergelyking.
D personifikasie. (1)

1.1.2 Wie of wat is volgens strofe 1, saam met die spreker op wag?

A Die velde
B Sy vuurtjie
C Die awendster
D Eensaamheid (1)

1.1.3 Die dag wat aan sy einde kom, word vergelyk met iemand …

A wat baie arm is.
B wat niks weet nie.
C wat nie kan praat nie.
D sonder 'n suggie of lag. (1)

1.1.4 Watter antwoord is NIE korrek NIE?
Die digter gebruik die verkleinwoord "*stadigies*" in strofe 2 om …

A in te pas by die ritme van die gedig.
B saam met "sterwe" as alliterasie te dien.
C te beklemtoon hoe stadig die dag eindig.
D te beklemtoon hoe kort die dag eintlik was. (1)

1.1.5 Die spreker leer uit sy omstandighede dat …

A sy Skepper hom skuldig laat voel.
B hy net in die veld naby sy Skepper is.
C baie vriende hom van sy Skepper af weghou.
D hy niks kortkom as sy Skepper by hom is nie. (1)

1.1.6 Hoe weet ons dat die spreker nie eers 'n kerkklok of horlosie kon hoor wat aandui hoe laat dit was nie? (1)

1.1.7 Dit was 'n *moeisame* dag.
Bewys hierdie stelling deur DRIE OPEENVOLGENDE VERSREËLS aan te haal. (1)

1.1.8 Waarom gebruik die digter sulke lang vokale (*uu /ee /aa*) in strofe 1? (1)

1.1.9 Hoe voel die spreker in strofe 8? (1)

1.1.10 Wat is die funksie van die aandagstreep in strofe 8? (1)

1.1.11 Kies die woorde uit KOLOM B en KOLOM C wat die beste pas by die voorbeeld in KOLOM A. Skryf slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer, bv. 1.1.11 (a) A (i)

	KOLOM A		**KOLOM B**		**KOLOM C**
(a)	skaar (strofe 9)	A	veld	(i)	dralende deuntjie
(b)	verteller	B	baie mense	(ii)	eensaamheids-woning
(c)	vuurtjie	C	herinnering aan verlede	(iii)	jolyt

(3 x 2) (6)

1.1.12 (a) Word die woorde "donker see" (strofe 7) letterlik of figuurlik bedoel? (1)

(b) Motiveer jou antwoord by VRAAG 1.1.12 (a). (1)

EN

1.2

die dag op nuweland – Jeanne Goosen

hoera en boland en haak vrystaat
skree ons van die pawiljoen
vir die rugbyspelers
wat soos gestreepte haaie rondduik
en na mekaar se boudvleise hap
en ons kou grondboontjies en ons kake gaan
op en af
op en af
'n maer meisie van swellendam
brei mansokkies
en soos ons boland en haak vrystaat skree
brei sy al vinniger
sodat ek senuweeagtig word
oor die spoed
waarmee sy die wol
oor haar dun "dun" voorvinger stoot
en ek my tong raakbyt
oral op die pawiljoen
spring mannetjies
regop
en die planke wip hulle weer terug
en dan weer
regop
en ons kou grondboontjies en ons skree
hoera boland haak vrystaat
soos die rugbyspelers
nou met toenemende venyn na mekaar gryp
en alles later bloederig word
en die gras mislikgroen regop staan
dit begin reën
en die blou reën was die bloed dieper
in die gras
die dag is pers en die son skyn oor alles
toe die eindfluitjie blaas
brul en skud die hele pawiljoen
sodat die potsierlike hoedjies
teen 'n ontstellende spoed op en af
op en af
wip
en die rugbyspelers dra die stukkende held
skouerhoog en die held gryns
en die meisie van swellendam9
bêre haar breiwerk in 'n sneeuwitdoekie
en krap in haar neus
die rugbyspelers dra die stukkende held
tot voor my

1.2 Skryf by 1.2.1 – 1.2.5 slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer, bv. 1.2.1 C

1.2.1 Hierdie gedig handel oor die sportsoort …

A rugby.
B krieket.
C sokker.
D tennis. (1)

1.2.2 Die spreker byt sy/haar tong raak omdat …

A die toeskouers aan hom/haar stamp.
B hy/sy senuweeagtig raak en vinniger kou.
C hy/sy die meisie op die pawiljoen stip dophou.
D hy/sy saam met die toeskouers op en af spring. (1)

1.2.3 Die stukkende held …

A word van die veld af gejaag.
B word op ’n dragbaar van die veld af gedra.
C stap self van die veld af.
D word deur spanmaats van die veld af gedra. (1)

1.2.4 Die toeskouers spring op en af omdat …

A hulle span verloor.
B hulle opgewonde raak.
C hulle dan beter kan sien.
D die spelers op die veld baklei. (1)

1.2.5 Terwyl die wedstryd aan die gang is, …

A kou die toeskouers kougom.
B brei die meisie potsierlike hoedjies.
C brei die meisie mansokkies.
D sing die toeskouers liedjies. (1)

1.2.6 (a) Gee ’n voorbeeld van ’n vergelyking uit hierdie gedig. (1)

(b) Waarom is hierdie vergelyking so funksioneel? (1)

1.2.7 Wat probeer die digter uitbeeld deur die manier waarop die versreëls geskryf is? (1)

1.2.8 Hoe het die weer gedurende die verloop van die wedstryd verander? (2)

1.2.9 Kies die woorde uit KOLOM B wat die beste pas by onderwerpe in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, bv. 1.2.9 (a) C

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	hoera	A	nie baie betrokke by die wedstryd nie
(b)	haak vrystaat	B	raak al hoe aggressiewer
(c)	spelers	C	word meegevoer deur die opwinding
(d)	toeskouers	D	hou die toeskouers dop
(e)	maer meisie	E	uitroep om vreugde uit te druk
(f)	verteller	F	is die een wat die meeste bloei
(g)	held van die wedstryd	G	uitroep om span aan te moedig

(7 x 1) (7)
[35]

OF

VRAAG 2

2.1

Die Skoolhoof – S J Pretorius

Hy't gholf- en tennisballe ver gedryf,
op tiekie-aande heen en weer gedraf
langs kraampies "om die boufonds mee te styf",
weke op die grasperke deurgebring,
posisies uitgedeel, en op die staf
het sy bewonderaars mekaar verdring.
Sy mening is steeds met ontsag gehoor,
sy grappe steeds gevolg deur 'n lagkoor.
Toe het hy afgetree, maar na dié end
besluit om trug te keer as assistent.
Hy het sy hand weer laggend uitgesteek
maar haastig het die hande by sy greep
verby gegryp – na iemand ágter hom.
Die drukte om hom het meteens verstom,
(om iemand anders het hul saamgedrom)
so regop soos hy was, het hy verkrom,
sy grappies was bebaard óf sonder sout,
hy't nooit besef die winters is só koud,
só eensaam by die tafel in sy jas
as hy sy broodjies uithaal uit sy tas.

En later het hy deurmekaar geraak,
'n gholfbaan van sy vloer gemaak,
die kryt die bal, die vloer die baan se gras:
'n nar geword waar hy eens koning was.

2.1 Skryf by 2.1.1 – 2.1.5 slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer, bv. 2.1.1 C

2.1.1 "Hy't gholf- en tennisballe ver gedryf," dien as bewys dat hierdie skoolhoof ...

A sy onderwysers gehelp het om sport af te rig.
B provinsiale kleure in sport gehad het.
C sport te ver gedryf het in sy skool.
D 'n aktiewe man in sy gemeenskap was. (1)

2.1.2 By tiekie-aande het hy rondgedraf omdat hy ...

A wou help geld insamel vir bouprojekte.
B al die kraampies wou ondersteun
C te aktief was om lank stil te sit.
D wou wegkom van sy bewonderaars af. (1)

2.1.3 'n Beter woord vir "staf" in reël 5 is ...

A bewonderaars
B personeel.
C onderwysers.
D skoolhoof. (1)

2.1.4 Watter stelling is NIE korrek NIE?

A Die onderwysers het respek gehad vir sy opinie.
B Die hoof was lief om grappies te maak.
C Die hoof het self die grasperke netjies gehou.
D Die hoof was 'n gewilde man. (1)

2.1.5 Nadat die hoof afgetree het, het hy teruggekeer as 'n ...

A koning.
B nar.
C opsigter.
D gewone onderwyser. (1)

2.1.6 Kies die omskrywing uit KOLOM B wat pas by die voorbeeld in KOLOM A. Skryf slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer, bv. 2.1.6 (a) A

KOLOM A		**KOLOM B**	
(a)	Reël 13	A	konnotasie of figuurlike taal
(b)	Reël 15	B	paarrym
(c)	Reël 17	C	uitheffingstegniek
(d)	Reël 19 en 20	D	beklemtoning

(4)

2.1.7 Hoe het die volgende dinge waaraan die skoolhoof gewoond was, verander nadat hy afgetree het?

(a) Sy bewonderaars het mekaar verdring. (1)

(b) Sy grappe is gevolg deur 'n lagkoor. (1)

2.1.8 Wat was die eerste ding wat die hoof gedoen het toe hy ná sy aftrede die res van die onderwysers weer sien? (1)

2.1.9 Wat het die onderwysers gedoen in reaksie op die hoof se optrede in VRAAG 2.1.8? (1)

2.1.10 Wie is die "iemand anders" na wie daar in reël 13 verwys word? (1)

2.1.11 Verduidelik die **kontras** in die woordkeuse tussen "nar" en "koning" in die laaste strofe. (2)

2.1.12 Wat leer hierdie gedig ons oor hoe ons ander mense moet behandel? (1)

EN

2.2

Die gevalle Zoeloe-indoena – C M van den Heever

Jou lyf die glim soos koper op die veld
en grassaad buig oor jou
hul môredou,
hier waar jy slaap
jou laaste slaap.
Jou spierwit pluime sidder nog
net of jy veg, maar langs jou lê 'n bloedstroom
wat weggesink het in die sand;
jou hand
lê willoos-slap en asvaal
langs die vlymskerp assegaai.
Jou koning in Oemkoengoenhlowo
sal wag vir jou,
sy hand sal oor sy oë rus,
wat vér weg dwaal tot by die blou
waar jy gaan veg het.
Hy sal vir die gedreun van voete wag,
gekletter van die skild,
vir wit-omkwaste bene en gedans
opruiend, kwaai en wild.
Die bulte sal jou roep
en eensaam sal 'n Zoeloe-vrou
saans by haar vuur gaan wag
stil-starend tot die nuwe dag.
Die son wat vuurmaak oor die bulte,
sal wagters wek,
hul lied sal klink die klowe deur,
die sagte more teen,
en almal sal weer lag en lewe,
al is jy heen.
As die Indoenas weer gaan veg,
die bulte lewe van hul wilde dans,
die skilde kletter en asgaaie blits
hoog in die son
dan slaap jy nog,
dan slaap jy diep,
jou vere wyd verstrooi deur son en reën,
jou lyf wat sag geglim het net soos koper,
dan weg, en jy?
Die grassaad sal nog buig,
die beeste bulk, die lewe roep,
maar jy?
Hier waar jy was, sal skape wei.

2.2 Skryf by 2.2.1 – 2.2.5 slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer, bv. 2.2.1 C

2.2.1 Die grassaad rondom die Indoena is vol ...

A modder.
B ys.
C môredou.
D bloed. (1)

2.2.2 Wat is NIE kenmerkend van die Zoeloevegters NIE?

A Spierwit pluime
B Asvaal hande
C Wit-omkwaste bene
D Vlymskerp assegaai (1)

2.2.3 As die Zoeloe-indoenas se gedans “opruiend, kwaai en wild” is, is dit omdat ...

A hulle bang is om weer te gaan veg.
B baie Indoenas dood is.
C hulle die vyand wil bang maak.
D hulle die geveg gewen het. (1)

2.2.4 ’n Voorbeeld van personifikasie:

A die beeste bulk
B die lewe roep
C die skape wei
D die wagters sing (1)

2.2.5 Watter een pas NIE?

A jou laaste slaap
B al is jy heen
C waar jy gaan veg het
D dan slaap jy diep (1)

2.2.6 (a) Die beskrywing van die assegaai as “vlymskerp” (reël 11) is ironies. Verduidelik dit in jou EIE woorde. (2)

(b) Skryf VIER AGTEREENVOLGENDE woorde uit reëls 1 – 10 neer om hierdie **ironie** te bevestig. (1)

2.2.7 Verduidelik die metafoor “Die son wat vuurmaak oor die bulte,” (1)

2.2.8 (a) Sal die Zoeloes vir ewig oor die Indoena treur? (1)

(b) Bewys jou antwoord in VRAAG 2.2.8(a) deur TWEE AGTEREENVOLGENDE reëls uit die gedig aan te haal. (1)

2.2.9 Kies die woorde/frases uit KOLOM B wat pas by die onderwerpe in KOLOM A. Skryf slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer, bv. 2.2.9 (a) A

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	koper	A	"hier waar jy slaap jou laaste slaap"
(b)	dood	B	gekletter van skilde
(c)	terugkoms	C	Zoeloe-vrou
(d)	afwagting	D	kleur van die Indoena se liggaam
(e)	verlang	E	koning
(f)	oorwinningsdans	F	hulle wat agterbly
(g)	lag en lewe	G	wild en opruiend

(7)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: KORTVERHALE

Kies hier net die kortverhaalbundel wat deur jou skool behandel is.

KINDERS VAN DIE AARDE – C FREYER (SAMESTELLER)

VRAAG 3

3.1 DIE RAMP – T T CLOETE

Lees die onderstaande gedeelte deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Toe ek my kop optel, stamp ek my onbekende weldoener op die neus. Sy bril val van sy oë af en breek in ontelbare stukkies op die teerpad.
Daar begin die ellende weer van voor af …
Uiteindelik is my motor aan die insleepmotor gehaak. Die dag wil al amper breek. Ek wil my weldoener vergoed. Hy weier om iets van my te neem.
"Al betaal ek dan net vir jou bril," pleit ek.
"Nee, geen sent vir my nie. As ek iéts van jou neem, sal dit op 'n ander manier vermenigvuldig van my weggeneem word. Ek is bly ek kon jou help."
Hy groet my. Ek vra nog agter hom aan na sy naam, maar hy swyg.
Daar ry hy al, voor ons uit. Hy ry vinniger as ons, natuurlik, weg in die naderende daglig in.
Die einde van die rampe is in sig. Die reën het opgehou.
Die man in die sleepmotor ry roekeloos vinnig en ek moet al my aandag op die spanning van die sleeptou tussen my en hom hou. Intussen dink ek tog daaraan: ek kon die geel motortjie se nommerplaat gelees het en die man later op hierdie manier opgespoor het om hom te vergoed, as alles weer tot die normale teruggekeer het … Maar in die noodtoestand het ek nie daaraan gedink nie.
'n Digte mis steek uit die see op. Dis vir my moeilik om die pad te sien. Gelukkig het ek die sleepmotor voor my. Hy ry nou stadiger in die moeilike omstandighede.

Skielik om 'n draai in Van Stadenspas lê daar 'n klein geel motortjie net langs die pad op sy dak. Die wiele draai nog, by wyse van spreke. Daar struikel drie huilende kinders in die nat gras en struike rond. Die man lê op sy rug, reguit uitgestrek, doodstil. Daar kon nie 'n botsing met 'n ander motor of met 'n dier gewees het nie. Daar is niks anders nie, net die huilende kinders en die stil man en die geel motortjie. Hy moet die pad byster geraak het, in die mis, om die draai.
Dis amper dag, maar die mis is nou baie dig.
Ek voel die man se pols, sy hart is stil, en ek lig my flits in die oë wat strak na bo kyk, verby my flits, styf, soos net 'n dooie kan kyk.
Die oë boei my, en die bruin gesig soos van iemand wat baie in die son gewerk het. Maar die huid rondom sy oë is bleek, soos van iemand met swak oë wat 'n bril dra met baie dik lense wat min lig deurlaat op die gesig rondom die oë.

Skryf by 3.1.1 – 3.1.5 slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer, bv. 3.1.1 C

3.1.1 Die verteller se motor word ingesleep omdat …

A die pad na die hewige reën te glad is om te ry.
B daar 'n rooi liggie op die instrumentebord was.
C dit na die ongeluk met die steenbokkie op sy dak beland het.
D die motor na die ongeluk met die steenbokkie oorverhit het. (1)

3.1.2 Die motor word ingesleep vanaf … na Port Elizabeth.

A Jeffreysbaai
B Humansdorp
C Houtbaai
D Swellendam (1)

3.1.3 Die weldoener se bril het gebreek toe …

A hy aanbied om die insleepmotor op Humansdorp te gaan haal.
B sy geel motor in Van Stadenspas omgeslaan en op sy dak beland het.
C die verteller hom op sy neus stamp toe hulle onder die enjinkap geloer het.
D hy die verteller net wou help om die motor aan die insleepmotor te haak. (1)

3.1.4 Die verteller het verkies om na Port Elizabeth toe ingesleep te word, omdat …

A hy sy siek en huilende kinders vinnig by die huis wou kry.
B hy graag agter die weldoener wou aanry om sy naam te vra.
C al die werktuigkundiges op Humansdorp aan die slaap was.
D hy sy vrou vroeg op die lughawe in Port Elizabeth moes kry. (1)

3.1.5 Watter een pas NIE?
As die verteller sê: "Die einde van die ramp***e*** is in sig", dink hy aan die volgende dinge wat al gebeur het:

A Sy weldoener wat verongeluk het.
B Sy siek vrou wat in Houtbaai is.
C Sy weldoener se bril wat gebreek is.
D Sy jongste kind wat 'n hoë koors het. (1)

3.1.6 Som die weldoener se karakter in EEN VOLSIN op. (1)

3.1.7 Haal 'n bewys uit die leesstuk om jou antwoord by VRAAG 3.1.6 te motiveer. (1)

3.1.8 Hoe sou dit die storie verander het indien die verteller die insleepdiens gevra het om hom na Humansdorp, in plaas van Port Elizabeth, te sleep? (1)

3.1.9 Verduidelik waarom die volgende sin *ironies* is:
"Die einde van die rampe is in sig." (2)

3.1.10 Wat impliseer die volgende gedagte oor die ongeluk waarin die weldoener betrokke was?

"… soos van iemand met swak oë wat 'n bril dra met baie dik lense wat min lig deurlaat op die gesig rondom die oë." (1)

3.1.11 Na watter een van die vele rampe wat die verteller daardie nag getref het, verwys die titel van hierdie verhaal?

3.1.12 Kies die oorsaak in KOLOM B wat die beste pas by die gebeure in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, bv. 3.1.12 (a) C

KOLOM A		**KOLOM B**	
(a)	Die verteller ry deur die nag.	A	Die kind word al sieker.
(b)	Die verteller ry vinniger as gewoonlik van Humansdorp af.	B	Die bestuurder het die pad byster geraak.
(c)	Die verkoeler ruk los.	C	Die verteller tref 'n steenbokkie.
(d)	'n Klein, geel motortjie lê op sy dak.	D	Hy moet sy vrou op die lughawe kry.
(e)	Hy vergeet om die weldoener se motorregistrasienommer te lees.	E	Die verteller ondervind 'n noodtoestand.

(5)

3.2 'n MAN KOM TUIS – CHRIS BARNARD

Lees die onderstaande gedeelte deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Ek het nog skaars die linkerruit afgedraai toe steek hy sy kop deur die venster. "My van is Gouws en ek werk op die pad en ek gaan na my vrou en kinders toe op …." Ek nooi hom saam en ons ry. Hy sit baie kordaat en regop langs my, 'n klein koffertjie op die skoot, 'n week se baard op sy wange en 'n tamaai glimlag om sy mond. Sy ander bagasie – 'n paar los pakkies en 'n halwe sakkie lemoene – lê agter op die sitplek.

"Ons is besig met die pad Skurweberg toe. Nou staan ek in 'n tent. Sien ek die familie so een keer 'n maand vir 'n naweek. Ek vlieg Saterdagmôre hier weg, dan kom ek voor aandete daar as ek gelukkig is. Volgende môre vlieg ek weer daar weg. Darem 'n nag. Darem iets."

Dis 'n duisend kilometer heen en terug. Dis moeite.

"Maar wat, daar's baie om voor dankbaar te wees," sê hy asof hy my gedagtes raai. "Dit kon verder gewees het."

Hy's middeljarig. Te oud, lyk dit my, om nog jong kinders te hê; te lank getroud om nog rasend verlief te wees. Maar later vertel hy my sy eerste vrou en hul twee kinders is tien jaar tevore in 'n motorongeluk dood. "Toe trou ek later van tyd met haar jongste suster en toe begin ons maar weer 'n spannetjie."

Heelpad gesels my passasier land en sand oor dit en dat. Hy gesels die reën skoon weg.

Hy vertel my van sy lewe as padmaker. Dis harde werk, ja; dis heeldag in die warm son, dis stof en lawaai, maar nee wat, hy geniet dit, verseker hy my. Hy hou daarvan om paaie te maak. Een dag staan jy nog so en jy sien die onbegaanbare berg, en jy weet: daardie berg gaan ek tem met my span geel ysterperde.

"Dan meet ons uit," vertel hy, "en slaat ons penne in. En ons val weg. Ons skrik vir niks nie – bome, bosse, rotse, skuinstes, niks keer ons nie. Ons stoot daardie pad oop, maak gelyk, trap vas, plant mylpale en padpredikante.

Dan ry ons terug met die pad wat ons gemaak het, lekker veertig myl 'n uur, tot op die eerste bult en ons klim uit en gaan staan daar en kyk weer na die berg wat g'n bobbejaan kon klim nie. En daar lê ons pad – netjies, lieflik, pragtig."

Skryf by 3.2.1 – 3.2.6 slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer, bv. 3.2.1 C

3.2.1 Die padmaker se gesin woon op …

A Skurweberg.
B Wilgerspruit.
C Naboomspruit.
D Soutpansberg. (1)

3.2.2 Watter beskrywing pas NIE by die padmaker NIE?

A Hy is middeljarig.
B Hy is ongeskeer.
C Hy is depressief.
D Hy is geselserig. (1)

3.2.3 As ’n mens “eenvoudig van gees” is, is jy …

A nie baie slim nie.
B iemand wat geeste kan sien.
C nie baie ryk nie.
D iemand wat paaie maak. (1)

3.2.4 Gouws het gevra om nie by sy huis afgelaai te word nie, want …

A die honde sou vir hulle blaf.
B hy was skaam vir sy huis.
C dit sou die lekkerte van sy tuiskoms bederf.
D sy vrou sou die motor herken. (1)

3.2.5 Die gesin het nie gesien toe die verteller by hulle verbyry nie, want
…
A hulle het almal by die hek vir Gouws gestaan en wag.
B hulle was almal besig met iets en het nie opgekyk nie.
C al die lemoene het uitgeval en hulle het dit opgetel.
D niks anders het saak gemaak as hulle bymekaar is nie. (1)

3.2.6 As die padmaker praat van sy “span geel ysterperde”, verwys hy eintlik na …

A die geel masjiene waarmee hulle die pad maak.
B sy geel motorfiets by die huis.
C sy span werkers wat geel uniforms dra.
D sy handgereedskap wat van yster gemaak is. (1)

3.2.7 Waarom is die titel van die verhaal “’n Man kom ***tuis***” en nie “’n Man gaan ***huis toe*** ”nie? (2)

3.2.8 Watter dele uit die uittreksel beeld Gouws uit as ’n:

(a) dankbare mens? (1)

(b) entoesiastiese mens? (1)

3.2.9 Watter emosie druk die padmaker uit as hy die verkleinwoorde vir sy kinders se name gebruik, bv. Hester**TJIE** of Gawie**TJIE**? (1)

3.2.10 Kies die sinne in KOLOM B wat die beste pas by die stellings in KOLOM A oor die twee karakters in hierdie verhaal. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, bv. 3.2.10 (a) E

KOLOM A		KOLOM B	
Gouws, die padmaker, is 'n positiewe mens			
(a)	Dis 1 000 km huis toe en terug.	A	Jy sien die wêreld.
(b)	Sy eerste vrou en twee kinders sterf.	B	Jy dien jou medemens.
(c)	Om paaie te maak, is harde werk.	C	Dit kon verder gewees het.
(d)	Die kamplewe is ongerieflik.	D	Hy is weer gelukkig getroud, met kinders.
Die verteller se karaktereienskappe			
(e)	Hy soek geselskap vir die langpad.	E	Hy wonder hoekom Gouws huis toe wil loop.
(f)	Hy is nuuskierig.	F	Hy herken dadelik Gouws se huis.
(g)	Hy is 'n goeie luisteraar.	G	Hy laai die ryloper op.

(7 x 1) (7)

[35]

OF

VRAAG 4

LITERÊRE OPSTEL

NAG BY DIE DRIF – ELISE MULLER

Skryf 'n opstel van **250 – 300 woorde** en bespreek **die gebeure wat gelei het tot die verandering in die jong verkoopsvrou se karakter daardie nag by die drif**.

Jou opstel MOET die volgende aspekte insluit:

- 'n Inleiding en slot.
- 'n Beskrywing van die karakter van die vrou voor die gebeure van die nag by die drif. (Gee ten minste DRIE karaktereienskappe met motivering daarvan uit die kortverhaal)
- 'n Beskrywing van wat presies daardie aand gebeur het wat die verandering veroorsaak het.
- Watter verandering het by haar plaasgevind?
- Die simboliese betekenis van die titel. **[35]**

SPEKTRUM – HELENA B. DE SWART (SAMESTELLER)

VRAAG 5

5.1 DIE VYFDE BAND – ETIENNE VAN HEERDEN

Lees die onderstaande gedeelte deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

"Nog 'n tyre!" skree hy, en ek sien hy hou 'n hand met vyf vingers op. Die kinders begin te skree: "Vyf, vyf, vyf …"
Ek knik my kop. Reg: vyf.
Die platejoggie staan op, beduie hy aanvaar geen verantwoordelikheid nie.
Toe is dit weer Greg. Hy begin te sirkel. Hy is versigtiger dié keer.
"GO! GO!" Hy spring, trek weer mooi, die pawiljoen begin te juig, maar ineens gaan iets met sy balans verkeerd en sy skouer klap bo die gejuig uit teen die ys.
'n Bietjie blydskap kom in my op. Miskien sal ek nog slaag; dan het ek gewen.
Dan het ek gewén.
Maar Greg staan nie op nie. Ek wil nie nader gaan nie. Hy lê doodstil op die baan, met sy regterarm eenkant toe gebuig. Die pawiljoen sit doodstil. Toe hou die plaat op. Die joggie kom van bo af. Toelies gaan help hom; sy skaatse is al uitgetrek. Gaan ek nie my kans kry nie?
Die opsigter beduie my af; hy is rooi en skree: dis die eerste keer vandat hy hier oppas dat so iets gebeur. Hulle dra Greg se slap lyf af.
Ek begin oorskaats na die uitgang. Nou sal ons nie weet nie. Ons trek nog gelykop. Stilweg begin die kinders opstaan en afgaan om hul skaatse by die ruilvenster in te gee. Ek gaan sit op 'n bankie en begin my skaatsstewels losryg.
Nou sal Debbie moet kies.
"Greg se skouer lyk af, " sê Charles toe hy verbykom. 'n Texan kleef aan sy onderlip. Hy het reeds sy leerhandskoene met die sterre op aan.
"Ja'k," sê hy, " en dit alles vir 'n goose, hè?"
Ek ruk my stewels af, gooi hulle op die toonbank, trek my skoene aan en stap uit.
Buite brand die uitlaatgasse van die motorfietse in my neus. Ek soek-soek rond.
Waar's Debbie? Haar ma se kar is nie hier nie.
"Waar's Debbie?" vra ek aan Toelies.
"Sy's weg hospitaal toe, saam met Greg."
Ek swaai om: agter die maer bloekombome wat die parkeerplek omlyn, brand die geel straatligte van die hoofstraat in 'n ry. Ek stap na my fiets toe, by Greg se een-twintig verby.
En dit lyk al of die wit helm wat skuins oor sy spieëltjie hang, vir my lag.

5.1 Skryf by 5.1.1 en 5.1.2 slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer, bv. 5.1.1 A

5.1.1 Wie het voorgestel dat die vyfde band nader gebring moes word?

A Peppie
B Toelies
C Charles
D Greg (1)

5.1.2 In hierdie verhaal is … die groot prys van die aand.

A ’n motorfiets
B Greg
C Debbie
D ’n rooi sweetpak (1)

5.1.3 Rangskik die verskillende skaats-items in die volgorde waarin dit plaasgevind het. Skryf slegs die vraagnommer en die letters in die korrekte volgorde neer, bv.

5.1.3 B
A
C
D
E

A Open rink
B Tyre Jumping
C Lovers’ Round
D Speed Skating
E General (5)

5.1.4 Verduidelik hoe die volgorde van hierdie skaats-items by VRAAG 5.1.3 bydra tot die ontwikkeling van die ***intrige*** van hierdie verhaal. (1)

5.1.5 Watter tipe mens dink jy, is Peppie? Motiveer jou antwoord met ten minste TWEE voorbeelde uit die verhaal. (2)

5.1.6 Waarom word die woorde: “GO! GO!” in die uittreksel met hoofletters gedruk? (1)

5.1.7 Hoe hou die laaste sin in hierdie uittreksel verband met Peppie se gevoel aan die einde van die verhaal? (2)

5.1.8 Die titel van hierdie verhaal is funksioneel omdat dit die verhaalgebeure opsom. Motiveer of kritiseer hierdie stelling. (1)

5.1.9 Kies die sinne in KOLOM B wat die beste pas by die karakters in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, bv. 5.1.9 (a) A

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	Toelies	A	Waarsku dat die ys gevaarlik is
(b)	Greg	B	Misluk by die vierde band
(c)	Charles	C	Misluk by die vyfde band
(d)	Peppie	D	Kry nooit sy kans by die vyfde band nie

(4)

EN

5.2 'n BARS LOOP DEUR DIE WASBAK – HENNIE AUCAMP

Lees die volgende gedeelte deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Nou is daar nog net die wasbak in die badkamer om daaraan te herinner dat sy wel bestaan het. Mevrou Potter bel haar winkel en reël met 'n hoë, senuweeagtige stem dat werksmense met 'n wasbak na haar huis gestuur word.
"'n Gekleurde een, Mevrou?" vra die winkelbaas.
Mevrou Potter aarsel. Terwyl sy nou tog haar kapitaal gaan aantas? En dis bowendien 'n geleentheid – sy gaan haar seun terugkoop! Maar nee, die vreemde wasbak sal Celia na hulle terugbring, na haar en Patrick.
"Nee," sê sy, "ek wil hê hy moet nes my ou een lyk. 'n Wit staanwasbak, u weet? En laat die mense nog vanmôre kom; dis dringend."
Onderwyl sy op die werksmense wag, skryf sy 'n advertensie vir die koerant uit: "Dubbelkamer word as enkelkamer verhuur …"
Toe Patrick die middag tuiskom, het die werksmense net vertrek. Mevrou Potter is besig met opruimingswerk in die badkamer.
"Patrick!" roep sy, "kom kyk hier in die badkamer!"
Na 'n hele rukkie kom die seun badkamer toe. Sy gesig is stug en wrokkig. In 'n briefie wat sy vir hom gelaat het, het Celia van haar vertrek vertel.
"Pat, is dit nie mooi nie?"
Mevrou Potter kan haar seun nie behoorlik in die oë kyk nie. Wat sy gedoen het, was vir sy beswil, maar tog voel sy verleë, nes of sy hom bedrieg het.
"Patrick, hoe hou jy van die wasbak?" Haar stemtoon pleit dringend: verstaan dan tog?
Maar Patrick Potter praat geen woord nie.
Sy geslote gesig verwar sy moeder. Is hy 'n seun? 'n Man? Maar kan 'n seun oornag 'n man word? Pat steek sy hande diep in sy sakke af of hy na veiligheid grawe. Dan lag hy hard en spottend, en kop agteroor stap hy by die vertrek uit … met die gang af …
Mevrou Potter bly baie alleen langs haar nuwe wasbak staan. So duidelik of dit met ink geteken is, sien sy 'n bars deur die waskom loop, net dáár waar die ou bars was …

5.2 Skryf by 5.2.1 – 5.2.5 slegs die letter van die korrekte antwoord langs die vraagnommer neer, bv. 5.2.1 A

5.2.1 Mevrou Potter se stem is hoog en senuweeagtig toe sy bel omdat sy …

A gespanne is na Celia se vertrek.
B bang is dat Patrick haar sal hoor.
C sy vrees die winkel het nie wasbakke nie.
D nie geld het om te bel nie. (1)

5.2.2 Die ou wasbak was …

A ’n wit staanwasbak wat sy en haar oorlede man nog gekoop het.
B ’n geleentheid om haar seun terug te koop nadat Ceila weg is.
C ’n duur, gekleurde wasbak wat sy en haar oorlede man gekoop het.
D gebars omdat Mary-Jane die badkamerkassie daarop laat val het. (1)

5.2.3 Die nuwe wasbak moes net soos die oue lyk sodat …

A dit by die res van haar badkamer kan pas.
B Patrick nie agterkom dis ’n nuwe wasbak nie.
C sy glad nie haar kapitaal hoef te gebruik nie.
D hulle daarna vir altyd van Celia kon vergeet. (1)

5.2.4 Mevrou Potter wil graag hê haar seun moet verstaan dat …

A sy alles vir sy beswil gedoen het.
B die wasbak baie duur gekos het.
C hy oornag ’n man geword het.
D die nuwe wasbak hulle altyd aan Celia sal laat dink. (1)

5.2.5 Toe Patrick sien wat sy ma gedoen het, het hy …

A badkamer toe gestap.
B kliphard gelag.
C met sy ma gespot.
D die wasbak gebreek. (1)

5.2.6 *“En dis bowendien ’n geleentheid – sy gaan haar seun terugkoop!”*

Waarom is dit vir mevrou Potter nodig om haar seun “terug te koop”? (1)

5.2.7 Gee EEN bewys dat Celia onbeskof optree teenoor mevrou Potter. (1)

5.2.8 Watter verskoning kan jy uit die verhaal aanvoer om Celia se gedrag te verdedig?

5.2.9 Verduidelik die simboliek van …

(a) die ou wasbak. (1)

(b) die bars in die nuwe wasbak. (1)

5.2.10 Celia se koms het 'n verandering in mev. Potter gebring. Verduidelik:

(a) Watter tipe mens mev. Potter was voordat Celia daar aangekom het. (1)

(b) Hoe mev. Potter verander het nadat Celia daar aangekom het. (1)

5.2.11 Kies die sinne in KOLOM B wat die beste pas by die karakters in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, bv. 5.2.11 (a) B

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	Celia McLagan	A	hoofkarakter in die verhaal
(b)	Jane Potter	B	voorbeeld van 'n plat karakter
(c)	Patrick Potter	C	het baie simpatie met mevrou Potter
(d)	Sarah	D	se simpatie lê by Celia
(e)	Mary-Jane	E	katalisator in die verhaal

(5)
[35]

OF

VRAAG 6

LITERÊRE OPSTEL

DIE STOKPERDJIE – DOT SERFONTEIN

"Doen net u plig en ontspan verder. Skaf vir u 'n stokperdjie aan …"

Dis die raad wat die sielkundige vir Diederik gee toe hy sy mediese rekening gaan betaal.
Skryf 'n opstel van **250 – 300 woorde** waarin jy bespreek **hoe hierdie raad Diederik se lewe beïnvloed het.**

Jou opstel moet die volgende aspekte insluit:

- 'n Inleiding en slot.
- Sy gesondheidsprobleme voordat hy die raad beproef het.
- Die versameling van vuurhoutjiedosies as stokperdjie (gee aandag aan hoe dit begin het, hoe dit sy huis- en werksomstandighede beïnvloed het, sowel as sy versamelingsmetodes).
- Jou mening oor of die raad Diederik werklik gehelp het. **[35]**

TOTAAL AFDELING B: 35

GROOTTOTAAL: 70